

10 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 3:9-24
Fokusgedeelte: DL, 1:1

Almal is sondaars en verdien om veroordeel te word

“Die mens is inherent goed en verdien om gered te word. 'n God wat mense verdoem oor hulle sonde is dus onregverdig.”

Só dink die mens van ons tyd oor homself. Só spreek die natuurlike mens homself vry van sy eie sonde. Maar dit is mos dwaasheid om regter in jou eie saak te wil wees! Die meeste misdadigers hou vol dat hulle onskuldig is. Iemand wat egter moord gepleeg het en homself onskuldig verklaar lei net homself om die bos!

Die vraag is dus nie wat dink die mens van homself nie, ook nie wat behóórt die Here van die mens te dink nie. Nee, die eintlike vraag is: Wat dink die Here van die mens?! Dit is 'n vraag wat geen mens namens God kan beantwoord nie. God alleen kan hierop antwoord en ons kry sy antwoord in die Bybel.

In Romeine 3 lees ons ondubbelsinnig: “Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie. Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie ... Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God ... Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie ...” Dit is wat God self oor die mens sê. God sou dus niemand verontreg as Hy almal verlore sou laat gaan nie.

As 'n mens die uitverkiesing wil verstaan is dit die vertrekpunt: God self sê niemand verdien om gered te word nie en almal verdien om verlore te gaan. Tog sê Romeine 3 ook: “... maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus!” As dit darem nie oorvloedige genade is nie!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~